SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE **SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS**

KENNISGEWING AAN ‘N SLAGOFFER VAN BESKIKBARE DIENSTE

Artikel 28(3) van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007)

(Die lid, by wie ‘n klagte van ‘n seksuele misdryf gelê word, moet hierdie vorm aan die slagoffer van die beweerde misdryf of ‘n belanghebbende persoon oorhandig.)

Die doel van hierdie Vorm is om die slagoffer van die beweerde seksuele misdryf te voorsien van inligting en, in besonder, van die besonderhede van die dienste wat beskikbaar is in verband met die ontvangs van Na-blootstellingsprofilakse (PEP) vir moontlike MIV-infeksie en vir die MIV-toetsing van die beweerde seks-oortreder.

Nota:
Ingevolge artikel 27 van die Wet, is ‘n “belanghebbende persoon” enige persoon wat ’n wesenlike belang in die welstand van ’n slagoffer het, insluitend ’n gade, permanente lewensmaat van dieselfde of teenoorgestelde geslag, ouer, voog, familielid, sorggewer, kurator, berader, geneesheer, gesondheidsorgvoorsiener, maatskaplike werker of die onderwyser of onderwyseres van so ’n slagoffer. ‘n Belanghebbende persoon kan namens die slagoffer aansoek doen vir die dienste waarna in hierdie Vorm verwys word.

Wat is die MIV infeksie?
MIV verwys na ‘n infeksie deur die verworwe immuniteitsgebreksindroom-virus. MIV vernietig belangrike selle wat die immuniteitstelsel beheer en ondersteun. As gevolg daarvan word die liggaam se natuurlike weerstandmeganismes verswak en vind die liggaam dit moeilik om weerstand te bied teen enige siekte. Die meeste mense wat besmet is met MIV ontwikkel uiteindelik VIGS en sterf omdat hulle liggame nie langer enige weerstand kan bied teen siektes soos tuberkulose, longontsteking en breinvliesontsteking nie. Besmetting met MIV het derhalwe ernstige gevolge vir u as individu. Daar is tans geen geneesmiddel vir MIV/VIGS nie.

Hoe word MIV oorgedra?
MIV word op drie verskillende wyses oorgedra:
- tydens seksuele omgang;
- gedurende ’n bloedoortapping waar MIV-besmette bloed direk in die liggaam oorgetap word; en
- van ‘n moeder na ‘n fetus gedurende swangerskap, geboorte of tydens borsvoeding.

Kan ek gedurende die pleging van ‘n seksuele misdryf aan MIV blootgestel word?
Ja, indien u in kontak gekom het met die bloed, semen of vaginale vloeistof van die oortreder. Byvoorbeeld, indien u vaginaal of anaal verkrag is en die semen van die oortreder u liggaam binnegekom het, sou u aan MIV blootgestel kon gewees het.

Wat is PEP?
PEP (Na-blootstellingsprofilakse) verwys na antiretrovirale terapie wat toegedien word om die moontlikheid te verminder dat ‘n persoon, na blootstelling aan die virus, met HIV besmet word. Die behandeling behels gewoonlik die toediening van ‘n groep medisynes (of sekere medisyne alleen) wat MIV teëwerk. Dit is belangrik dat PEP so gou as moontlik, maar binne 72 uur na die beweerde seksuele misdryf plaasgevind het, toegedien word. Die toediening is gratis en vind plaas by ‘n openbare gesondheidsinstelling wat deur die Minister van Gesondheid aangewys is. ‘n Lys van gesondheidsinstellings binne ‘n redelike afstand van die

polisiestasie waar die klagte aangemeld is, word by hierdie Kennisgewing aangeheg. U sal ook daar gratis mediese advies ontvang ten opsigte van die toediening van PEP voordat dit toegedien word. U moet toestem tot die toediening van PEP.

Kan ek ander persone in gevaar stel van MIV-besmetting weens my moontlike blootstelling daaraan?
U kan nie MIV oordra by wyse van daaglikse kontak met ander persone, soos met omhelsing, 'n handdruk of deur voedsel, water of eetgereedskap te deel nie. Aangesien MIV egter, onder andere, deur seksuele omgang oorgedra word, kan u moontlik besmet wees weens die beweerde seksuele misdryf en kan u, as gevolg daarvan, u seksmaat besmet. U behoort derhalwe veilige seks te beoefen totdat u seker is dat u nie besmet is nie. Indien u swanger is, kan u MIV aan u ongebore baba oordra. Indien u borsvoed, kan u ook u baba blootstel aan die risiko van besmetting met MIV. ***U moet kundige advies (soos uiteengesit aan die einde van hierdie Kennisgewing) bekom oor die hantering van die gevolge van die risiko van besmetting van uself, u seksmaat en ander.***

Wat van ander seksueel oordraagbare infeksies?
Tydens die pleging van 'n seksuele misdryf, kan die slagoffer ook blootgestel word aan ander seksueel oordraagbare infeksies. Alle ander seksueel oordraagbare siektes kan doeltreffend behandel word sonder ernstige gevolge vir die gesondheid van die slagoffer. U kan gratis mediese advies kry by die gesondheidsinstelling in verband met seksueel oordraagbare siektes, die simptome waarna u moet oplet en wat om te doen indien u vermoed dat u moontlik so 'n siekte opgedoen het.

Hoe hanteer ek my moontlike blootstelling aan MIV tydens die beweerde seksuele misdryf?
U kan by 'n landdros aansoek doen dat die beweerde oortreder vir MIV getoets word en die uitslae van sy of haar toetse sal aan u bekend gemaak word. Indien u bewus is van die MIV-status van die beweerde seks-oortreder, kan dit aan u gemoedsrus gee en u in 'n beter posisie plaas om te besluit of u medikasie moet neem om die risiko van MIV besmetting te voorkom of te verminder en wat u kan doen om u seksmaat en ander teen MIV besmetting te beskerm. *Kundige mediese advies kan nodig wees om die gevolge van die risiko van besmetting aan uself, u seksmaat en ander te hanteer. Die toetsuitslag van 'n verpligte MIV-toets mag nie betroubaar wees nie omdat die beweerde oortreder in die venstertydperk mag wees terwyl hy of sy vir MIV getoets word. Dit beteken dat die toetsuitslag mag wys dat die beweerde oortreder negatief toets, terwyl hy of sy inderdaad MIV positief is. U moet derhalwe met 'n deskundige praat voordat u enige mediese of leefstyl besluite neem op grond van die toetsuitslag. U moet verder ook in ag neem dat 'n MIV-positiewe toetsuitslag nie noodwendig beteken dat die virus tydens die pleging van die seksuele misdryf aan u oorgedra is nie.*

Dit is in u eie beste belang om vir MIV getoets te word wanneer u gereed voel om dit te doen. Maak intussen seker dat u veilige seks beoefen.

Hoe doen ek aansoek vir die MIV-toetsing van die beweerde seks-oortreder?
- U moet die pleging van die seksuele misdryf aanmeld by die polisiestasie naaste aan waar die misdryf gepleeg is. Die Polisie sal die saak ondersoek.
- U mag onmiddellik daarna aansoek doen vir die MIV-toetsing van die beweerde seks-oortreder, of die ondersoekbeampte inlig dat u aansoek wil doen vir die MIV-toetsing van die beweerde oortreder.
- U kan 'n aansoekvorm by die polisiestasie kry wat u moet voltooi om aansoek te doen sodat die beweerde oortreder getoets word.
- Wanneer u die aansoekvorm voltooi en onderteken het, kan u dit aan die ondersoekbeampte oorhandig.

Wie sal my aansoek oorweeg?
Die ondersoekbeampte wat verantwoordelik is om die beweerde seksuele misdryf te ondersoek, sal u aansoek aan 'n landdros voorlê. Die landdros sal die aansoek gedurende hofure in sy of haar kantoor oorweeg. Die

landdros kan aanvullende getuienis, mondelings of by wyse van ‘n beëdigde verklaring vereis, en kan ook die beweerde oortreder ondervra voordat ‘n besluit geneem word. Die ondersoekbeampte sal u van die uitslag van u aansoek inlig.

Wat sal gebeur indien die landdros beveel dat die beweerde oortreder vir MIV getoets moet word?
Die ondersoekbeampte sal verseker dat twee bloedmonsters van die liggaam van die beweerde oortreder terselfdertyd geneem en vir MIV getoets word.

Wie sal betaal vir die MIV-toetsing?
Die Staat. Dit hou geen koste vir u in nie.

Hoe sal ek van die uitslag van die MIV-toets ingelig word?
Wanneer die uitslae beskikbaar is, sal die ondersoekbeampte ‘n verseëlde koevert aan u oorhandig wat die uitslag van die MIV -toets bevat, asook inligting oor waar u bystand kan verkry oor die hantering van die uitslae en die gevolge daarvan.

Kan ek die MIV-status van die beweerde oortreder aan ander persone openbaar?
Die MIV-toetsuitslae kan slegs bekend gemaak word aan die slagoffer of die belanghebbende persoon wat vir die verpligte MIV-toetsing aansoek gedoen het, die beweerde oortreder, die ondersoekbeampte en, waar van toepassing, die staatsaanklaer of enige ander persoon wat van die toetsuitslae kennis moet neem vir doeleindes van siviele verrigtinge of ’n hofbevel.

Vir watter tydperk kan ek aansoek doen vir die MIV -toetsing van die beweerde seks-oortreder?
U moet binne 90 dae na die beweerde seksuele misdryf gepleeg is, aansoek doen. Die 90 dae tydperk word ‘n venstertydperk genoem, wat beteken dat as die toets daarna uitgevoer word en positief is, die beweerde oortreder na die pleging van die misdryf MIV kon opgedoen het. Onthou dat, selfs al word die toets binne die 90 dae uitgevoer, ‘n negatiewe uitslag nie noodwendig betroubaar is nie omdat die beweerde oortreder in die venstertydperk is en inderwaarheid positief mag wees. Dit word derhalwe aanbeveel dat, indien u besluit om aansoek te doen dat die beweerde oortreder vir MIV getoets word, u dit so gou as moontlik na die pleging van die beweerde seksuele misdryf te doen. Dit bly egter in u eie belang om uself vir MIV te laat toets.

Is daar enige diensorganisasies wat berading en ondersteuning kan verskaf?
Daar is verskeie private en openbare fasiliteite wat u kan help om die implikasies van die MIV-toetsuitslae te hanteer. Sommige van hierdie dienste is gratis, terwyl ander betaling van ‘n fooi mag vereis. Dit sluit in:

- Privaat mediese en maatskaplike fasiliteite (bv. ‘n algemene mediese praktisyn of sielkundige).
- Openbare mediese en maatskaplike fasiliteite, met inbegrip van —
  - Life Line
  - Child Line
  - Kinderbeskermingsorganisasies
  - Plaaslike Staatshospitale en Klinieke
  - Rape Crisis
  - FAMSA
  - Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling
  - Plaaslike VIGS diensorganisasies

Die kontakbesonderhede van bovermelde diensverskaffers is in die telefoongids en by die ondersoekbeampte beskikbaar.